

# HORTGRO NEWS

VOLUME 17 | ISSUE 38 | 30 JUNE 2019

---

## CONTENTS

---

- Hortgro Technical Symposium - biggest yet
- MEC Ivan Meyer has a clear vision for Agriculture
- William Gumede on land reform
- Israelse waterkenner: 'Rioolwater is waardevol'
- Piketberger volg in ouboet se spore
- Paul Nel: Surviving Eskom
- Latest Key Deciduous Fruit Statistics
- Agri's Got Talent Top Tien 2019 aangekondig
- Inskrywings vir bedryfspresteerders nou oop
- Hortgro Science Prophyta Short Course
- Events, Publications, YouTube
- Uit die Uitvoerende Direkteur se pen



### **HORTGRO TECHNICAL SYMPOSIUM 2019 - BIGGEST YET**

Every year the Hortgro Technical Symposium just keeps growing in numbers and stature, with the 2019 event breaking records on several fronts. This year the symposium kicked off with a Pome Fruit Field Day in Ceres, with the rest of the programme being held at the Lord Charles Hotel in Somerset West. Read more [here](#).

Pictured here: Prof William Gumede, Prof Eilon Adar, Dr Ilse Trautmann, and Dr Alberto Dorigoni.



## MEC HAS CLEAR VISION FOR AGRICULTURE

The new Minister of Agriculture in the Western Cape, Ivan Meyer, has a clear vision of what he must achieve in his term and he is ready to learn. Read more [here](#).

Pictured here is MEC Ivan Meyer at the opening of the Symposium.

---

## WILLIAM GUMEDE ON LAND REFORM AND POST-ELECTION SA

Developing and protecting agriculture-related industries will be crucial to creating jobs and achieving a just new order. Prof William Gumede addressed these and other political issues during his keynote address at the Hortgro Technical Symposium. Read his 12-step plan to successful land reform in the Business Day [here](#).



Pictured here: Dr Mogale Sebopetsa, Prof Gumede and Minister Ivan Meyer.



## ISRAELSE KENNER EILON ADAR: RIOOLWATER IS WAARDEVOL

Afval-en rioolwater is 'n waardevolle skat. Lees wat Johan Coetsee van Landbouweekblad skryf oor prof. Eilon Adar se hoofpraatjie by die Hortgro Tegniese Simposium [hier](#).

## PIKETBERGER BESTE STUDENT - VOLG IN OUBOET SE SPORE



Piketberger Herbst van der Merwe is vanjaar se ontvanger van die Hortgro Science/Daan Strydom-toekenning vir die beste finalejaarstudent in

Hortologie aan die Universiteit Stellenbosch (US). Lees meer [hier](#).

Op die foto bo is Stephen Rabe, voorsitter van die Hortgro Science advieskomitee, en Herbst van der Merwe.

## ENERGY EXPERT PAUL NEL: WILL WE SURVIVE ESKOM?



South African energy expert, Paul Nel, addressed the question at the Hortgro Technical Symposium 2019. Nel, an engineer who worked for Eskom for 18 years, said that for the first time the government and Eskom itself acknowledged that the energy powerhouse was experiencing serious problems. Read more [here](#).

The full Symposium Summary Review will be available in July.





## LATEST KEY DECIDUOUS FRUIT INDUSTRY STATISTICS

The very popular industry statistics for 2018 will be released shortly. Find a sneak peek of what can be expected [here](#).



## AGRI'S GOT TALENT 2019 SE TOP TIEN IS HIER

Die Top Tien wat dit gaan uitspook vir die Agri's Got Talent-kroon 2019 is onlangs aangekondig. Lees meer [hier](#).

Onthou asseblief dat **kaartjieverkope 1 Julie by Computicket oopmaak**. Kaartjies is beperk, so moenie laatslaap nie.

## INSKRYWINGS VIR BEDRYFSPRESTEERDERS NOU OOP

Die Suid-Afrikaanse sagtevrugtebedryf vereer jaarliks individue wat 'n verskil maak en die bedryf bevorder deur hulle harde werk en prestasies.

Hierdie uitblinkers sal tydens die Sagtevrugtebedryf se Gala-aand op 13 September 2019 hulle toekennings ontvang. Dit is vanjaar die 44 ste keer wat hierdie toekennings gemaak word. Vind inskrywingsvorme en meer inligting [hier](#).

## HORTGRO SCIENCE PROPHYTA SHORT COURSE

This six-day short course is designed to provide an understanding of the horticultural processes of tree growth and development, scientific irrigation management, nutrition and the execution of good soil health and soil science practices.

The goal is the production of high tonnages of top quality fruit, harvest maturity and the post-harvest handling of fruit is discussed. Find more information [here](#).

---

**Download the June SIZA Newsletter [here](#).**

---

### → UPCOMING EVENTS

**2 August 2019:** Agri's Got Talent. Contact: [carne@hortgro.co.za](mailto:carne@hortgro.co.za)

**13-15 en 27-29 August:** Prophyta Short Course. Contact: [anine@prophyta.co.za](mailto:anine@prophyta.co.za)

**13 September 2019:** Fruit Industry Gala Evening. Contact [Clayton Swart](#).

### → HORTGRO PUBLICATIONS

[Key Deciduous Fruit Statistics](#)

Hortgro Stone: [Timely Hints/Tydige Wenke July 2019](#)

[Hortgro Annual Review 2018](#)

[Hortgro Science Annual Report 2018](#)

### → HORTGRO YOUTUBE KANAAL

Vind 'n magdom van bedryfsinligting in ons videobiblioteek [hier](#).

---

## UIT DIE UITVOERENDE DIREKTEUR SE PEN

---

### GRONDPAD EN DIE WOESTYN

Na my mening kom grondpaaie in drie kategorieë. En ek het al 'n klompie grondpaaie – fisies en psigies – gery.

Aan weerskante van die spektrum is daar die goeies en dan die vrek slegtes. Laasgenoemde soos in moertoe. In die middel is daar 'n reeks van okei tot taamlik sleg, maar heel rybaar. 'n Goeie grondpad ry lekkerder as 'n teerpad, maar 'n hondsleg ene, breek karre.

Namibië was altyd bekend vir sy uitstekende grondpaaie. Ongelukkig is dit nie meer die geval nie en het ek pas 'n klompie hondslegtes gery. Daar is wel heelwat graders (padskrapers) bedrywig, maar lyk nie of hulle die geveg wen nie. Sommige stukke pad is bloot nie meer skraapbaar nie. Mens wonder of die volle padbelasting wat ons so getrou by die grensposte betaal alles by die paaie uitkom?

Pas het ek weer die voorreg gehad om woestynlangs van Aus, oor Betta, Sesriem en Solitaire af te ry Walvisbaai en Swakopmund toe. Daar is nog so hier en daar 'n teerpadstukkie – die laaste 60-70 kilometer Walvisbaai toe is puik - maar dis merendeels gangbaar tot sleg. Sekere stukke is egter tot niet gery en sal weer gebou moet word. Mense wat woonwaens of waentjies moes sleep se goed het sekerlik uitmekaar geval.

Die trippie was ook nou nie in die klas van 'n diep Namib (soos in 'n Meob of 'n Faces trip deur die duine) nie, maar dit bly 'n pragtige roete ondanks die hondsleg paaie. Ry sal ek hom weer ry want ek is een van daai mense wat elke jaar in die woestyn of die Kalahari (of beide dan is dit nog beter) moet uitkom, anders word 'n jaar darem te onmenslik lank. Daar waar bedags die wye vlaktes en die gesigseinders en snags die



sterre en die melkweg 'n armlengte ver is. Daar waar jy die stilte kan hoor en waar jy 'n yskoue bier in jou ore kan hoor borrel.

Ek vertrou dat diegene wat 'n ruskans kry, dit terdeë sal geniet, of geniet het. Dalk is daar ook van julle wat bietjie woestynlangs gehou het en ook die stilte en ooptes kon geniet. Hoop julle karre het gehou.

Intussen is dit ek, my vrou en Moses, nog vir 'n week of wat op Namibië se paaie met so 'n snartsie deur die Kgalagadi terug huis toe. Hemel op aarde, want dan is dit weer "woestynlangs" vir die laaste stuk van 2019. Gelukkig is Moses by!

Tot volgende keer.

Anton

*So, remember to look up at the stars and not down at your feet. Try to make sense of what you see and hold on to that childlike wonder about what makes the universe exist. - Stephen Hawking*



#### **EDITORIAL TEAM**

Elise-Marie Steenkamp - [elise-marie@hortgro.co.za](mailto:elise-marie@hortgro.co.za)

Carmé Naudé - [carme@hortgro.co.za](mailto:carme@hortgro.co.za)

Thea van Zyl - [thea@hortgro.co.za](mailto:thea@hortgro.co.za)

#### **CONTACT US**

021 870 2900

[www.hortgro.co.za](http://www.hortgro.co.za)

**Share this email:**



**Manage** your preferences | **Opt out** using **TrueRemove®**

Got this as a forward? **Sign up** to receive our future emails.

View this email **online**.

258 Main St, Buitenverwagting  
Paarl, Western Cape | 7646 ZA

This email was sent to elise-marie@hortgro.co.za.

*To continue receiving our emails, add us to your address book.*